Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## NOVEMBER 2015

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** **70**

**TYD:** **2 uur**

*IAFRHL1*

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: LEESBEGRIP | (30) |
   | AFDELING B: OPSOMMING | (10) |
   | AFDELING C: TAAL | (30) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ʼn NUWE bladsy.

4. Trek ʼn streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ʼn reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS 1: ARTIKEL

# Die Y-generasie en die EINAS

Vandag se twintigplussers is selfversekerd en talentvol, maar oor die algemeen glo maar ongelukkig. Is die sosiale media die bron van dié bewolktheid, is hulle bederf, het hulle sag geword? Ons gaan steek kers op by sielkundiges.

1. Deesdae bly kinders veel langer by die huis en die ouers mor ... die kinders het dit eintlik soveel makliker, maar hulle is nie juis gelukkig nie. En hulle sukkel om vastrapplek in hul werk en in hul grootmenslewe te kry. Hulle het oënskynlik meer selfvertroue en is veel wêreldwyser as wat hul ouers op dieselfde ouderdom was. Hoekom is hulle dan so ongelukkig as dinge dan soveel beter is?

2. Adjunkprofessor Paul Harvey van die Universiteit van New Hampshire sê navorsingsbevindings bewys dat hierdie kinders maklik ongelukkig in hulle werk is omdat hulle soveel meer verwag het. Hulle maak aanspraak op onverdiende voorkeurbehandeling, is meer geneig tot konflik en ervaar minder werksbevrediging.

3. "Die enigste groot verskil tussen ander generasies en die huidige geslag, die sogenaamde Y-generasie wat nou in hul twintigerjare is, is dat die jonges met veel meer tegnologie grootgeword het," sê dr. Marlene Arndt, ŉ sielkundige van Johannesburg. Hierdie kinders is dag en nag deel van die sosiale media en hulle sien daagliks die omvang van die geluk wat hul vriende op facebook uitstal. Ongelukkig adverteer mense net hul glansoomblikke en niemand hoor ooit van die mislukkings en smart nie. Dis ŉ bietjie soos dobbelaars wat vertel wanneer hulle R10 000 gewen het, maar niemand hoor van die R30 000 wat hulle al verloor het nie.

4. Boonop probeer elke nuwe generasie ouers vir hul kinders ŉ beter lewe gee. Dis ŉ natuurlike begeerte. Die ouers belowe ŉ roostuin vir die kinders en plant dit met goeie geleerdheid, ŉ blyplek en voertuig, maar die kinders is so gewoond aan die onrealistiese verwagting dat alles maklik en lekker gaan wees, dat hulle nie voorbereid is op die harde werk wat dit verg om hierdie "roostuin", oftewel lewenstyl, in stand te hou nie.

5. "Kinders verwag nou baie meer van die lewe en soms is dit vir hulle ŉ groot teleurstelling wanneer hulle die werklikheid beleef," sê dr. Arndt. "Ons het hulle gedurig geloof en geprys en vertel hoe spesiaal hulle is. Dit is wel goed vir hul selfbeeld, maar nou is mislukking ŉ probleem, want hulle verwag so baie." Dr. Arndt benadruk dit dat hedendaagse ouers suksesvol was in hul opvoedingstaak en positiewe kinders met ŉ goeie selfbeeld en selfvertroue grootgemaak het. Maar ongelukkig is hierdie kinders nie gewoond aan harde werk wat sukses verg nie en ouers moet besef dit gaan langer duur voor die kinders volwasse genoeg is om hul op hul eie bene te staan.

Kopiereg voorbehou 

6. Ouers kan nie ŉ lewe lank vir hul kinders klippe uit die pad rol en dan verwag hulle moet amper oornag volwasse en selfversorgend wees nie. Hulle moet besef hulle sal veel langer ŉ ondersteunende rol moet speel om hul kinders die lewe in te lei. Dr. Arndt sê natuurlik mag welgestelde ouers die lewe vir hul kinders lekker maak. "Maak net seker dat hulle ook aan die werklikhede van die lewe blootgestel word."

7. Kinders is gekondisioneer dat dit genoeg is om net deel te neem. En al het hulle nie gewen nie, het hulle ook pryse gekry. Ongelukkig is die werklikheid dat jy gedrewe moet wees en moet kan volhard om die hoogste sport te bereik. En dis dié toewyding wat ontbreek.

8. ŉ Artikel in die *Huffington Post* wat in September 2013 verskyn het, het die ongelukkigheid van die Y-generasie bekyk en skryf jongmense se onvergenoegdheid toe aan die skeefgetrekte werklikheid wat die sosiale media skep. Vanweë al die glansfoto's en stories van ander mense se lewe, dink die kinders verkeerdelik dat ander kinders ongelooflike dinge beleef, terwyl hulle nie so suksesvol is nie. Tog is dit net glansoomblikke en nie ŉ glanslewe wat uitgebeeld word nie.

9. Cal Newport, assistent-professor van Washington D.C. skryf dat die uitdrukking "volg jou passie" eers in die 2000's gewild geword het toe sy generasie dit in beroepsleiding op skool geleer is. Dit is die mantra waarmee hulle grootgeword het en die maatstaf wat hulle gebruik om ŉ loopbaan se gewenstheid te bepaal. Hy sê die tekortkoming van dié mantra is dat kinders dink dat jy ŉ passie identifiseer en onmiddellik ŉ werk kry waarin jy jou kan uitleef. Hy sê hy het agtergekom dis ongewoon dat mense mal is oor hul werk voor hulle die betrokke werk góéd kan doen. En die kundigheid word nooit oornag verkry nie.

[Aangepas uit *rooi rose, Mei* 2015]

1.1 Waarna verwys die begrip bewolktheid in die inleiding? (1)

1.2 Watter dinge pla ouers oor hul kinders wat skynbaar genoeg selfvertroue en kennis het? (3)

1.3 Paul Harvey het tot sekere bevindinge oor die werksongelukkigheid van die Y-generasie gekom. Is dit feite of menings? Motiveer jou antwoord. (1)

1.4 Noem TWEE verskille tussen die Y-generasie en die jongmense van ŉ dekade of twee gelede? (2)

1.5 Watter wanindruk skep mense met hul lewens op die sosiale media? (2)

1.6 Watter twee dinge of sake word in paragraaf 3 met mekaar vergelyk? (1)

1.7 Wat is die nadeel van die onwerklike verwagting wat hedendaagse ouers by hul kinders skep? (2)

1.8 Die Y-generasie is grootgemaak met ŉ goeie selfbeeld en het hoë verwagtinge. Verduidelik wat teenproduktief van die "goeie opvoeding" is. (1)

1.9 Wat is die belangrike vereiste vir sukses in enige projek of doelwit? (1)

1.10 Wat vloei voort as ouers alewig klippe uit hul kinders se pad rol? (1)

1.11 Verklaar die betekenis van die idiomatiese uitdrukking in paragraaf 6. (1)

1.12 Dr. Arndt sê ouers moet hul kinders aan die werklikhede blootstel. Wat is die werklikhede wat kinders moet ervaar? (3)

1.13 Hoe slaag die sosiale media daarin om met die glansfoto's en suksesstories die realiteite van die samelewing te verdraai? (2)

1.14 Waarna verwys mantra? Kies die gepaste antwoord deur slegs die letter neer te skryf.


(a) beroepsleiding
(b) volg jou passie
(c) die maatstaf
(d) kundigheid (1)

1.15 Watter valse indruk word by die Y-generasie geskep by die identifikasie van hul passie? (1)

1.16 Hoe kan kundigheid verkry word? (1)

Kopiereg voorbehou 

**TEKS 2:**




1.17 Hoe stem die twee matriekmeisies se gesprekke ooreen met die uitdagings van hul generasie in eerste leesstuk? Bespreek dit apart deur te verwys na die meisie in die middel en die een op die kant. (4)

1.18 Wat dink jy van die drie matrikulante se gesigsuitdrukkings teenoor dit wat hul bespreek. (1)

1.19 Wat is jou mening? Sal die meisie op die kant se passie haar aan die lewe hou? (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

- Lees die teks hieronder en maak ŉ opsomming van die **SEWE nadele** wat Conrad se gewig vir hom ingehou het – hy was oorgewig.
- Jou opsomming moet in jou eie woorde in ŉ duidelike, sinvolle **paragraaf** aangebied word en mag nie meer as 90 woorde beslaan nie.
- Moenie jou opsomming ŉ titel gee nie.
- Dui die getal woorde wat jy gebruik het, aan.

### HELP MY MAER WORD

**Conrad Dercksen (12) het baie gewig aangesit na sy ma se dood – nou gaan fiksheidsafrigters die kilo's laat wegsmelt.**

Conrad weeg 120 kg en Bettie, sy ouma, verduidelik dat hy na sy ma se dood alles oorboord gegooi het en hom tot kos gewend. Hy het baie swaargekry; hy sukkel steeds. Hy het rugby gespeel en karate beoefen, maar het dit gestaak. Van kleins af was sy gewig ŉ kwessie.

Hoe meer gewig Conrad aangesit het, hoe meer het sy selfbeeld en gesondheid daaronder gely. "Almal spot my by die skool; dis net te veel vir my. My bene begin ingee en ek kry pyne in my bors en rug," verduidelik Conrad. Volgende jaar gaan hy hoërskool toe; daarom wil hy ŉ nuwe blaadjie omslaan. "Ek wil nie meer so lyk nie. Ek wil saam met my maats kan hardloop en speel. Ek wil graag weer sport beoefen soos swem en tennis speel en meer vriende hê."

Huisgenoot het besluit om hierdie desperate seun te help en het twee persoonlike fiksheidafrigters, Yolande Wagener en Theo Pretorius, gekontak. Hulle is die eienaars van Body Dynamics in Pretoria, ŉ program wat mense in hul huis help om fiks en gesond te wees. Vir Yolande en Theo is gesondheid en fiksheid ŉ groot passie. "Ons wil sommer die hele Suid-Afrika gesonder maak. Ons weet ons kan Conrad help. Hy is nog lekker jonk en ons wil hom daai tweede kans bied," sê Yolande. Hulle gaan vir hom ŉ oefenprogram opstel en kyk na ŉ bekostigbare eetplan, verduidelik Theo. Die oefenprogram gaan beslis die ding doen. "Ons sal begin met drie keer per week sodat sy spiere tussenin kan rus en dan dalk die sessies vermeerder. Ons kyk na 50 sessies van ŉ uur elk. Conrad kan nie meer opstote doen nie en wil graag weer ŉ klompie doen. Hy doen een, maar val dan plat op sy maag as hy ŉ tweede een aandurf. Maar Yolande verduidelik dat hy na die program sommer 20 op ŉ slag sal kan doen.

Die somtotaal van die borgskap is sowat R12 000. Die twee fiksheidsafrigters het egter belowe om soveel sessies te borg as wat nodig is. Hulle het die hoop uitgespreek dat hulle Conrad verslaaf sal maak aan oefen.

[Aangepas uit: *Huisgenoot,* 26 September 2013]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie en beantwoord die vrae wat volg.

**KIES**

VEILIGE AANVULLINGS

**KIES**

DIS-CHEM

PHARMACIES

**Pharmacists who care**

**MAAR HET JY, AS OUER, ALTYD BALBEHEER?**

Enorme druk word op leerders uitgeoefen om op die sportveld te presteer. Op sy beurt plaas dit weer druk op ouers om toe te sien dat hul kinders voorbereid is, deur daaglikse gesonde kos en gespesialiseerde aanvullings. Dieetkundiges en dokters speel ŉ vername rol hier – maar op wie anders kan jy staatmaak vir hulp met die keuse van die toepaslike aanvulling vir jou kind se unieke behoeftes, ouderdom en selfs mediese toestand?

**TOETSLYS VIR DIE DIS-CHEM SPORTAANVULLINGS GEHALTEVERSEKERINGSPROGRAM**

✓ **TOETSING VIR ETIKET-VERIFIËRING**
Ons vergelyk die produkinhoud op ŉ wetenskaplike wyse met die lys van bestanddele, sodat jy seker kan wees dat wat jy aan die buitekant sien, wel aan die binnekant is.

✓ **VERVAARDIGER-OUDITS**
Elke handelsnaam moet aan ons onwrikbare verbintenis tot gehalte- en produkintegriteit voldoen. Indien dit die toets druip, verkoop ons dit nie.

✓ **TOETSING VIR VERBODE MIDDELS**
Dis-Chem is die enigste Suid-Afrikaanse kleinhandelaar met gehalteverifiëring deur LGC, die wêreld se toonaangewende onafhanklike forensiese laboratorium vir die opspoor van verbode middels.

[Uit: *Huisgenoot*, 7 Augustus 2014]

3.1 Hoekom staan die woord kies uit in die advertensie? (1)

3.2 Gee die gepaste Afrikaanse ekwivalent vir die eerste onderstreepte woord. (1)

3.3 Waarna verwys balbeheer in die advertensie? (1)

3.4 Verander die subopskrif na ŉ stelsin. (1)

3.5 Wat is die sinoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)

3.6 Skryf die stamme van die onderstreepte samestelling in die raampie neer. (1)

3.7 Wat beteken die onderstreepte woord by die eerste regmerkie? Kies die korrekte antwoord en skryf dit neer:

- verwysing van
- versekering van
- ondersoek die egtheid
- naam te ondersoek (1)

3.8 Wat is die funksie van die koppelteken by die onderstreepte woord by die tweede regmerkie? (1)

3.9 As watter woordsoort word die onderstreepte woord by die derde regmerkie gebruik? (1)


3.10 Wat is jou mening? Is die advertensie geslaagd? Vertrek ŉ rede vir jou antwoord. (1)

**[10]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Die onderstaande vrae is op die strokies gebaseer:




[Aangepas uit: *Die Burger*, Januarie 2014 – Maart 2014]

4.1 Gebruik die kern van die samestelling in raampie 1 as 'n bepaler in 'n ander samestelling. (1)

4.2 Skryf Hägar se vrou se woorde in raampie 1 oor in die indirekte rede. Begin as volg: Hägar se vrou het ... (1)

4.3 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die vrou se woorde in raampie 2? (1)

4.4 Benoem die klankverskynsel wat in die onderstreepte woord in raampie 3 aangetref kan word. (1)

4.5 Waarna verwys die seuntjie met die woord, gemorsposlêer in raampie 5? (1)

4.6 Gee die vergrotende trap van die onderstreepte woord in raampie 5. (1)

4.7 Watter stylfiguur gebruik Stoffel in raampie 7? Skryf die korrekte antwoord neer:

- hiperbool
- repetisie
- eufemisme
- litotes (1)

4.8 Watter soort selfstandige naamwoord is die onderstreepte woord in raampie 9? (1)

4.9 Skryf die voorwerp in die tweede sin van raampie 10 neer. (1)

4.10 Wat is jou mening oor die pa se keuse om mal te wees in raampie 11? (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

# Tree op teen geweld

1. Nasionale statistieke toon geweld teenoor vroue is aan die toeneem en al meer vroue sterf weens geweld. En die blaam lê nie net by misdadigers nie! Hoe staan sake? <u>Die kans is 57% groter dat vroue deur hul mans of kêrels</u> as deur (vreemdelinge) <u>vermoor word.</u>

2. Jaarliks vanaf 25 November (Internasionale dag vir die Eliminering van Geweld teen Vroue) tot 10 Desember (Internasionale Menseregtedag) word die veldtog 16 dae van aktivisme teen <u>geweld</u> teen vroue en kinders gehou. Die doel van hierdie veldtog is om mense bewus te maak van die negatiewe impak wat geweld op vroue en kinders het en hoe belangrik dit is om daarteen op te tree.

3. “Geweld teen vroue beïnvloed meer as ŉ vrou se fisieke beeld – dit breek haar selfbeeld en (mens + waarde) af,” sê Bianca Valentine, ŉ prokureur by die Tshwaranang Legal Advocacy Centre, ŉ sentrum wat vroue se regte bevorder om ŉ lewe vry van geweld te lei.

4. <u>Vroue wat slagoffers van huishoudelike geweld is, ly dikwels in stilte</u> ... totdat dit te laat is. Hulle weet dikwels nie waarheen om vir hulp te gaan en hoe om op te tree nie,” verduidelik sy. “Deur 16 dae van aktivisme wil ons nie net Suid-Afrika ___ geweld teen vroue bewus maak nie, maar ook vir slagoffers sê dat hulle nie meer in stilte hoef te ly nie – hulle moet opstaan vir hul reg tot vryheid van geweld. Hulp is beskikbaar.”

[Aangepas uit: *Vrouekeur*, 29 November 2013]

5.1 Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die bedrywende vorm. (1)

5.2 Gee ŉ gepaste antoniem vir die woord tussen hakies in paragraaf 1. (1)

5.3 Vorm ŉ persoonsnaam met die onderstreepte woord in paragraaf 2. (1)

5.4 Skryf die infinitief in paragraaf 3 neer. (1)

5.5 Vorm ŉ gepaste samestellende afleiding met die stamme tussen hakies in paragraaf 3 en voeg nog ŉ morfeem by. (1)

5.6 Wat is die funksie van die beletselteken in paragraaf 4? (1)

5.7 Is die onderstreepte sin in paragraaf 4 'n enkelvoudige of saamgestelde sin? Gee die rede vir jou antwoord. (2)

5.8 Die woorde lei (paragraaf 3) en ly (paragraaf 4) word verskillend gebruik. Wat word hierdie twee woorde genoem wat eenders uitgespreek word? (1)

5.9 In paragraaf 4 is 'n voorsetsel weggelaat. Skryf die gepaste voorsetsel neer. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou